

Reëls wat jou lewe kan red

11:30 (GMT+2), Mon, 13 May 2013

Dink, doen en bly leef. Foto: Tiaan Pool



SUID-KAAP NUUS - Tony Marshall is die waarnemende bestuurder van CapeNature se Brandbestuurprogram.

Sy funksie is om te kyk na die strategiese implementering van brandbestuur op al CapeNature se reservate. "Ons is nie 'n lynfunksie nie, maar stel standarde en sisteme in plek vir die reservaatbestuurder se gebruik tydens enige brand op sy reservaat," verduidelik Marshall. Die reservaatbestuurder en areabestuurder is in beheer van hul spanne.

Die reservaatspanne maak brandpaaie in en om die reservaat en doen

brandbestryding van veldbrande indien dit sou voorkom. Die spanne doen ook beheerde brande, oftewel bestuursbrande, in die reservate vir verskeie redes, hetsy ekologies – as die veld te oud word - en bestryding van ongewenste uitheemse plantegroei.

Laasgenoemde geld nie meer in die Karoo of Klein-Karoo nie, want die program om uitheemse plantegroei uit te roei is in die so vêr gevorder is dat enige uitheemse plante wat gekry word, sommer deur die spanne verwyder word tydens die opvolg-operasies.

"Hierdie goue reëls is bedoel vir brandslaners wat toegerus is met beskermende klere en 'n vuurplak. Maar dit is van belang vir enigiemand wat in die veld stap, of in 'n situasie beland waar hy/sy gekonfronteer word deur 'n vuur. Die reëls kan lewens red of beserings verminder sou iemand onverwags vasgekeer word deur 'n veldbrand," sê Marshall.

Veldbrande kan deur die mens of natuurlike oorsake gestig word. Dit is goed om bedag te wees op die gevare, maar ook presies weet wat om te doen in enige van die volgende situasie:

Sonder jou eie toedoen kan jy dalk op hierdie manier tussen twee vure vasgekeer raak:

- Die vuur kan oorspring en die material agter jou aan die brand steek. Hierdie vuur word aangetrek deur die vuur wat jy beveg en so kan jy tussen twee vure vasgekeer word.
- 'n Plek wat nie behoorlik geblus was nie, kan weer agter jou aan die brand raak.
- 'n Ander span wat op hul eie werk, mag 'n bevel kry om 'n teenbrand te maak en kan jou so vaskeer.
- Windverandering kan veroorsaak dat die wind omswaai en jou ontsnappingsroete afsny.

Maak so as jy tussen twee brande vasgekeer word:

- Bly kalm sodat jy helder kan dink.
- Soek 'n breek in die lyn van die brand en indien moontlik gebruik dit om in die afgebrande gedeelte te kom.
- Daar is veiligheid in getalle as gevolg van die morele ondersteuning en die addisionele hulp om vuur te bestry.
- Indien daar geen breek in die vuurlyn is nie, let op na 'n plek waar die vuur yl brand,

byvoorbeeld 'n rotsagtige plek, en breek daar deur.

- Maak gebruik van paaie, klipriwwe, strome en dies meer
- Bly naby aan die grond waar die meeste vars lug is.
- Soek heelyd na ontsnappingsroetes en veiligheidsones.

As alles misluk en jy wanhopig raak, onthou dat spoed 'n reddende faktor is en as jy diep asemhaal en so vinnig as moontlik hardloop, kan jy die uitgebrande area bereik.

Dink en doen so voordat jy deur die vuur hardloop:

- Jy moet intense hitte verwag.
- Die liggaamsdele wat die warmste gaan kry, sal die onbedekte dele wees soos die gesig, nek en ore.
- Omdat ons suurstof inasem wat juis ook vir verbranding nodig is moet jy besef dat daar in die vuur geen suurstof sal wees om in te asem nie.
- Hou dop hoe die vuur nader kom en soek 'n gelyk area uit. Merk 'n plek waar, wanneer die vuur daar kom, jou beginpunt gaan wees.

Maak nou so:

- Slaan jou kraag op.
- Trek jou gesigskerm af.
- Gaan jou roete weer na.
- Neem drie diep asemteue en een vlak asemteug. Hou die vlak asemteug op.
- Buig jou kop vooroor.
- Bars deur die vlamme en gebruik jou handskoene om jou hande te beskerm, en die vuurplak om jou gesig te beskerm.
- Hardloop so vinnig as moontlik op jou voorafbepaalde roete en stop eers as jy veilig anderkant die vuur is.
- Nou kan jy weer asemhaal.
- Kontroleer om vas te stel of jou oorpak nie dalk vlam gevat het nie en jy nie iewers gebrand het nie.

As iets verkeerd gaan en jy struikel en val, moenie op jou hande druk om op te staan nie, maar duik vorentoe, rol om en kom sodoende op jou voete.

Moenie paniekbevange raak as jy nie kan deurbreek nie:

- Steek 'n klein area aan die brand, blus die kleiner vlamme aan die windkant.
- Soos die groter vlamme onder die wind vorder, stap op 'n veilige afstand nader.
- Wanneer jy veilig van die omringende vuur is, gaan lê plat op jou gesig en bedek dit, en laat die vuur rondom jou uitbrand.

Help jou maats, maar bly self veilig:

- Stel die toesighouer in kennis.
- Verkry hulp en probeer help.
- Moet nooit alleen in 'n vuur instorm indien jy dit kan verhelp nie.

Maak so as jy in 'n voertuig is:

- Moenie 'n voertuig blindelings deur digte rook bestuur nie.
- Parkeer in 'n oopte of 'n reeds gebrande gedeelte en skakel die voertuig se hoofligte aan.
- Draai die vensters toe en beskerm jouself teen die hitte van die vuur deur onder die paneelbord te skuil en jouself met 'n matjie of iets soortgelyk te bedek. (Verlaat die voertuig indien dit aan die brand slaan, maar hou jou vel sovêr moontlik bedek).
- Bly kalm en onthou dat die brandstof tenk nie sal ontplof nie. Selfs in die ergste gevalle sal dit steeds heelparty minute neem voordat die voertuig aan die brand sal slaan.

(Bron: Brandbestuur Vir Toesighouers in Beheer Van 'n Brandspan: Concordia)

'Ons bring jou die nuutste Tuinroete | Klein-Karoo nuus'